MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

21 OCTOBER 2011 (2)

Kanselleer ANC-Jeugliga-optogte

"Die afloop van die rewolusie in Libië waar die despoot Moaumar Ghaddafi sonder seremonie voor TV-kameras doodgeslaan is, behoort stof tot nadenke te bied aan diegene wat rewolusie, soos deur Julius Malema in Suid-Afrika aangeblaas word." So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Talle e-posboodskappe oor bloedvergieting wat tydens die ANC-jeugliga se massa-optogte op 27 en 28 Oktober beplan word, doen die rondte en word teen die agtergrond van die polarisasie wat Malema met sy onverantwoordelike aanhitsende uitsprake opdis, vir soetkoek opgeëet, en dwars oor die land word mense bang gepraat.

"Daar is nie 'n mooi of romantiese kant aan rewolusie nie. Terselfdertyd moet diktators soos pres. Bashar al-Assad van Sirië begryp dat daar ook nie ruimte vir despote is wat genadeloos onder sy eie mense kan moor nie. Net soos in Suid-Afrika en Ghaddafi se Libië, is die situasie in sy land ook erg gepolariseerd, wat boonop gekompliseer word deur die Koerdiese kwessie op die Irak-Turkse grens waar Turkye nou oorgrens-operasies uitvoer. Die Koerdiese kwessie het al in die verlede en kan weer baie maklik na Sirië oorspoel.

"Ongeag die provokasie deur despote, die opstandelinge se aanspraak op morele hoë grond word dadelik tot niet gemaak as die nuwe heersers of hul ondersteuners hulle aan dieselfde bloeddorstigheid skuldig maak.

"Ons doen 'n beroep op die Jeugliga om sy beplande optogte af te gelas."

Cancel ANC Youth League marches

"The end to the Libyan revolution came when the despotic leader Muamar Ghaddafi was beaten to death in front of TV cameras. This should give cause for thought to those who romanticize revolution, as has recently been encouraged by Julius Malema and others in South Africa." So says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

"The numerous e-mail messages sent out and received alleging bloodshed planned during the ANC Youth League marches on 27 and 28 October and the way in which many appear to have blindly believed them to be true, is once again an indication to what extent Malema's ill-considered and heated utterances have polarised the country.

"Revolution simply does not have a romantic or pretty face. Despotic leaders such as Bashar al-Assad should also realize that there is no place for dictators who murder their own people. As in South Africa and Gadhafi's Libya, the situation in Syria is also extremely polarized. The matter is further complicated by the Kurdish problem, with Turkey recently launching cross border operations into Iraq. This could easily spill over into Syria.

"Irrespective of the provocation by despots, the up-risers claim, to the moral high ground, is destroyed when the new rulers or their supporters engage in the same blood thirsty actions.

"We call on the ANC Youth League to cancel their planned marches."